Soek jy 'n fantastiese tutor?

www.teachme2.com/matriek

Byeengebring deur

teachme2

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/
NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

BESIGHEIDSTUDIES V2

2023

PUNTE: 150

TYD: 2 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye.

Kopiereg voorbehou

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies aandagtig deur voordat jy die vrae beantwoord.

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings en dek TWEE hoofonderwerpe.

   AFDELING A: VERPLIGTEND
   AFDELING B: Bestaan uit DRIE vrae.
   Beantwoord enige TWEE van die drie vrae in hierdie afdeling.
   AFDELING C: Bestaan uit TWEE vrae.
   Beantwoord enige EEN van die twee vrae in hierdie afdeling.

2. Lees die instruksies vir elke vraag aandagtig deur en neem deeglik kennis van wat vereis word.

   Let daarop dat SLEGS die antwoorde op die eerste TWEE vrae gekies in AFDELING B en die antwoorde op die EERSTE vraag gekies in AFDELING C nagesien sal word.

3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is. GEEN punte sal toegeken word vir antwoorde wat verkeerd genommer is NIE.

4. Behalwe waar ander instruksies gegee word, moet antwoorde in volsinne wees.

5. Gebruik die puntetoekenning en aard van elke vraag om die lengte en diepte van 'n antwoord te bepaal.

6. Gebruik die tabel hieronder as 'n riglyn vir punte- en tydtoekenning wanneer jy elke vraag beantwoord.

AFDELING	VRAAG	PUNTE	TYD (minute)
A: Objektiewe tipe vrae VERPLIGTEND	**1**	**30**	**20**
B: DRIE direkte/indirekte tipe vrae KEUSE: Beantwoord enige TWEE.	**2**	**40**	**70**
	3	**40**	
	4	**40**	
C: TWEE opsteltipe vrae KEUSE: Beantwoord enige EEN.	**5**	**40**	**30**
	6	**40**	
TOTAAL		**150**	**120**

7. Begin die antwoord op ELKE vraag op 'n NUWE bladsy, bv. VRAAG 1 – nuwe bladsy, VRAAG 2 – nuwe bladsy.

8. Jy mag 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.

9. Skryf netjies en leesbaar.

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

AFDELING A (VERPLIGTEND)

VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 1.1.6 D.

1.1.1 Emmah sal 'n voorafbepaalde bedrag ontvang wat in 'n … belê is wanneer sy 'n bepaalde ouderdom bereik.

A vaste deposito
B stokvel
C aftreeannuïteit
D bestuurde portefeulje

1.1.2 Maatskappye sonder winsoogmerk kan deur verskillende donasies geld verkry. Dit verwys na … as 'n maatstaf wat tot die sukses van 'n besigheid bydra.

A belasting
B kapitaal
C verdeling van winste
D wetgewing

1.1.3 Aanbieders gebruik … as 'n visuele hulpmiddel om groot illustrasies van produkte te vertoon om die kernboodskap van hulle aanbieding te ondersteun.

A 'n oorhoofse projektor
B 'n dataprojektor
C flitskaarte
D plakkate

1.1.4 Chiliza Handelaars het vals opgawes aan die SAID voorgelê. Dit staan bekend as …, 'n tipe onetiese sakepraktyk.

A belastingontduiking
B onbillike advertering
C belastingontwyking
D misbruik van werktyd

1.1.5 Spanleiers implementeer … as 'n maatstaf vir suksesvolle spanprestasie deur gereelde terugvoering aan hul lede te verskaf.

A samewerking
B kommunikasie
C gedeelde waardes
D interpersoonlike gesindheid en gedrag (5 x 2) (10)

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

1.2 Voltooi die volgende stellings deur die woord(e) in die lys hieronder te gebruik. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommers (1.2.1 tot 1.2.5) in die ANTWOORDEBOEK neer.

sosiale; stigters; situasionele; besluitneming; ekonomiese; probleemoplossing; onbeperkte; transformasie-; bonus; beperkte

1.2.1 Maatskappye reik …-aandele uit as vergoeding vir onbetaalde dividende.

1.2.2 Kulsum Onderneming implementeer die ... leierskapsteorie aangesien die besigheid in 'n dinamiese omgewing, wat deur konstante verandering gekenmerk word, bedryf word.

1.2.3 Die persoonlike bates van vennote kan verkoop word om die skuld van die vennootskap weens bankrotskap te delg. Dit verwys na … aanspreeklikheid.

1.2.4 Bravo Adverteerders het die … proses geïmplementeer toe hul situasies geanaliseer het om strategieë wat vir verandering nodig is, te identifiseer.

1.2.5 Besighede bevorder … regte deur skoon water en gesondheids-dienste aan hulle werknemers te voorsien. (5 x 2) (10)

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

1.3. Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat by 'n term in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–J) langs die vraagnommers (1.3.1 tot 1.3.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 1.3.6 K.

KOLOM A	KOLOM B
1.3.1 RSA-kleinhandelspaareffekte	A besighede bestee tyd en moeite om winsgewendheid vir hul beleggers te verbeter
1.3.2 Bybetaling	B kom voor wanneer twee werknemers in die werkplek 'n meningsverskil het
1.3.3 Maatskaplike verantwoordelikheid	C verseker dat persoonlike beskermende drag vir alle werknemers beskikbaar is
1.3.4 Grief	D betaal deur die versekerde wanneer 'n versekeringskontrak gekanselleer word
1.3.5 Gesondheids- en veiligheidsverteenwoordigers	E beleggers ontvang jaarliks rente
	F kom voor wanneer 'n werknemer 'n klagte in die werkplek het
	G betaal deur die versekerde wanneer 'n eis ingedien word
	H verskaf persoonlike beskermende drag aan werknemers
	I beleggers ontvang twee keer per jaar rente
	J besighede bestee tyd en moeite om die welstand van hul gemeenskappe te bevorder

(5 x 2) (10)

TOTAAL AFDELING A: 30

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

AFDELING B

Beantwoord ENIGE TWEE vrae in hierdie afdeling.

LET WEL: Dui die VRAAGNOMMER van elke vraag wat jy kies, duidelik aan. Die antwoord op ELKE vraag moet op 'n NUWE bladsy begin, bv. VRAAG 2 op 'n NUWE bladsy, VRAAG 3 op 'n NUWE bladsy.

VRAAG 2: BESIGHEIDSGELEENTHEDE

2.1 Noem VIER soorte voorkeuraandele. (4)

2.2 Beskryf kortliks die funksies van die Johannesburgse Sekuriteitebeurs (JSE). (6)

2.3 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

VENUS ONDERNEMINGS (VO)

Venus Ondernemings het Mabel, die bemarkingsbestuurder, versoek om hulle bemarkingsplan aan belanghebbendes voor te lê. Mabel het gedurende haar aanbieding PowerPoint, prente en blaaiborde gebruik. Sy kon ook ná haar aanbieding terugvoering op 'n nie-aggressiewe en professionele wyse hanteer.

2.3.1 Noem TWEE voorbeelde van nieverbale aanbiedinge in die scenario hierbo. (2)

2.3.2 Stel maniere voor waarop Mabel ná haar aanbieding terugvoering op 'n nie-aggressiewe en professionele wyse kan hanteer. (6)

2.4 Bespreek die rol van persoonlike houding by suksesvolle leierskap. (6)

2.5 Brei uit oor die betekenis van *opbrengs van die belegging (OB)* as 'n faktor wat in ag geneem moet word wanneer beleggingsbesluite geneem word. (4)

2.6 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

FORESTER HANDELAARS (FH)

Helen, 'n bestuurder by Forester Handelaars, pas die outokratiese leierskapstyl toe om werknemers te lei en te bestuur. Sy neem vinnige besluite sonder om werknemers te raadpleeg. Sy bied belonings aan vir werknemers wat hul daaglikse doelwitte behaal. Helen se direkte toesig verseker dat hoë gehalte dienste gelewer word.

2.6.1 Haal TWEE voordele van die outokratiese leierskapstyl aan wat deur Helen toegepas word uit die scenario hierbo. (2)

2.6.2 Verduidelik ander voordele van die outokratiese leierskapstyl. (4)

2.7 Gee besighede raad oor die kenmerke van 'n publieke maatskappy. (6)

[40]

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

VRAAG 3: BESIGHEIDSROLLE

3.1 Noem VIER menseregte in die werkplek. (4)

3.2 Beskryf kortliks die oorsake van konflik in die werkplek. (4)

3.3 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vraag wat volg.

NALEDI KONSULTASIE (NK)

Naledi Konsultasie het 'n paneel kundiges versoek om hul komplekse besigheidsprobleem op te los deur 'n vraelys te voltooi. NK het ook besluit dat elke werknemer stilweg idees moet ontwikkel voordat hulle dit met hul kollegas deel.

Identifiseer TWEE probleemoplossingstegnieke wat deur NK toegepas word. Motiveer jou antwoord deur uit die scenario hierbo aan te haal.

Gebruik die tabel hieronder as 'n RIGLYN om VRAAG 3.3 te beantwoord.

PROBLEEMOPLOSSINGSTEGNIEKE	MOTIVERINGS
1.	
2.	

(6)

3.4 Bespreek die voordele van kreatiewe denke in die werkplek. (6)

3.5 Verduidelik maniere waarop besighede moeilike werknemers in die werkplek kan hanteer. (4)

3.6 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

PROTEA LANDSKAPBEPLANNERS (PL)

Protea Landskapbeplanners wil hul surpluswins in korporatiewe maatskaplike investering(KMI)-projekte belê. Die bestuur van PL is gretig om hul werknemers ter wille van persoonlike groei te ontwikkel. Hulle wil ook landelike ontwikkeling 'n prioriteit maak sodat die uittog van mense na stede beperk word.

3.6.1 Noem TWEE fokusareas van korporatiewe maatskaplike investering wat op PL in die scenario hierbo van toepassing is. (2)

3.6.2 Bespreek die impak van KMI op gemeenskappe. (6)

3.7 Stel maniere voor waarop besighede die volgende onprofessionele sakepraktyke kan hanteer:

3.7.1 Seksuele teistering (4)

3.7.2 Ongemagtigde gebruik van werkplekfondse en hulpbronne (4)

[40]

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

VRAAG 4: DIVERSE ONDERWERPE

BESIGHEIDSGELEENTHEDE

4.1 Noem VIER voorbeelde van nieversekerbare risiko's. (4)

4.2 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

Greenview Kleinhandelaars het 'n bedrag van R20 000 teen 16% enkelvoudige rente vir 'n tydperk van twee jaar in 'n vaste deposito by Unity Bank belê.

4.2.1 Bereken die rente wat Greenview Kleinhandelaars na twee jaar sal ontvang. Toon ALLE berekeninge. (4)

4.2.2 Bespreek die voordele van vaste deposito's as 'n beleggingsvorm. (4)

4.3 Verduidelik hoe *bestuur* as 'n maatstaf tot die sukses en/of mislukking van 'n vennootskap kan bydra. (4)

4.4 Gee aanbieders raad oor die aspekte wat in ag geneem moet word wanneer 'n multimedia-aanbieding ontwerp word. (4)

BESIGHEIDSROLLE

4.5 Noem TWEE elemente van die drievoudige sleutelaspekte. (2)

4.6 Verduidelik maniere waarop besighede 'n omgewing kan skep wat kreatiewe denke in die werkplek bevorder. (4)

4.7 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vraag wat volg.

SPAN VUKA (SV)
Span Vuka spesialiseer in beplanning en organisering van sosiale geleenthede vir verskillende kliënte. SV se lede kritiseer mekaar se idees aangesien hulle almal vir die posisie as spanleier meeding. Uiteindelik waardeer spanlede mekaar se verskille en is in staat om onafhanklik te werk.

Identifiseer TWEE stadiums van spanontwikkeling wat op SV van toepassing is. Motiveer jou antwoord deur uit die scenario hierbo aan te haal.

Gebruik die tabel hieronder as 'n RIGLYN om VRAAG 4.7 te beantwoord.

STADIUMS VAN SPANONTWIKKELING	MOTIVERINGS
1.	
2.	

(6)

4.8 Verduidelik hoe besighede *deursigtigheid* as 'n King-kode-beginsel vir goeie korporatiewe bestuur kan toepas. (4)

4.9 Stel maniere voor waarop besighede tyd en moeite kan bydra om die welstand van werknemers te bevorder. (4)

[40]

TOTAAL AFDELING B: 80

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

AFDELING C

Beantwoord ENIGE EEN vraag in hierdie afdeling.

LET WEL: Dui die VRAAGNOMMER van die vraag wat jy kies, duidelik aan. Die antwoord op die vraag moet op 'n NUWE bladsy begin, bv. VRAAG 5 op 'n NUWE bladsy OF VRAAG 6 op 'n NUWE bladsy.

VRAAG 5: BESIGHEIDSGELEENTHEDE (BELEGGING: VERSEKERING)

Besighede geniet die voordele van verskillende tipes versekering. Sommige besighede oorverseker terwyl ander besighede hulle eiendom onderverseker. Hulle hou ook vol dat werknemers voordele wat deur die Werkloosheidsversekeringsfonds (WVF) aangebied word, moet ontvang. Die beginsel van skadeloosstelling/ indemnifikasie moedig besighede ook aan om hulle verskillende besigheidsbates te verseker.

Skryf 'n opstel oor versekering waarby jy die volgende aspekte insluit:

- Beskryf kortliks die voordele van versekering vir besighede.
- Onderskei tussen *oorversekering* en *onderversekering*.
- Bespreek enige VIER soorte voordele wat deur die Werkloosheidsversekerings-fonds uitbetaal word.
- Gee besighede raad oor *skadeloosstelling/indemnifikasie* as 'n beginsel van versekering. **[40]**

VRAAG 6: BESIGHEIDSROLLE (MENSEREGTE, INKLUSIWITEIT EN OMGEWINGSKWESSIES)

Besighede stel mense vanuit diverse agtergronde aan wat na hulle eie gesondheid en veiligheid in die werkplek omsien. Besighede hanteer verskillende diversiteitskwessies sodat hulle die voordele van 'n diverse arbeidsmag kan geniet. Hulle moet ook die kulturele regte van hulle werknemers in die werkplek bevorder.

Skryf 'n opstel oor menseregte, inklusiwiteit en omgewingskwessies waarby jy die volgende aspekte insluit:

- Beskryf kortliks die verantwoordelikhede van werknemers om mense se gesondheid en veiligheid in die werkplek te bevorder.
- Verduidelik maniere waarop besighede enige DRIE diversiteitskwessies in die werkplek kan hanteer, kultuur en geloof uitgesluit.
- Bespreek die voordele van diversiteit in die werkplek.
- Beveel maniere aan waarop besighede kulturele regte in die werkplek kan bevorder. **[40]**

TOTAAL AFDELING C: 40
GROOTTOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou